

# Die Sierduif The Fancy Pigeon

May / Mei 2021



**Louise de Beer en Corrie Oosthuizen.  
Lees Corrie se lewens verhaal binne**



## Indeks / Index

Editors Page / Redakteur se blad	2
Redaksioneel / Editorial	2
73ste SASV Kampioenskapskou informasie	
Ds Hennie Hattingh	3
Kom ons "brag" bietjie met ons aanteel	4
My lewensverhaal - Corrie Oosthuizen	5
Reviewing Youngsters - CD Cillie	13
Strain? do you have one - Corrie Oosthuizen	14
Strains, Names and Eyes - Corrie Oosthuizen	18
Pigeon Information - DS~PS Featherlove	21
Skoudatums 2021 / Showdates 2021	23
Scoreboard and Rules	24

## Birthdays

C008 - Coenie Naudé	- 01-Jul
W068 - Piet Odendaal	- 01-Jul
W039 - Willie Botha	- 02-Jul
G011 - Diedie Esterhuyzen	- 03-Jul
G014 - Seppie Esterhuyzen	- 03-Jul
K048 - Cornel Gillmer	- 05-Jul
C039 - Pieter Lourens	- 07-Jul
W028 - Lourens Muller	- 09-Jul
H070 - Morné Rix	- 10-Jul
D052 - René van Stryp	- 10-Jul
N012 - Chad Armstrong	- 11-Jul
B089 - Corrie Oosthuizen	- 11-Jul
W079 - Jaco Bester	- 11-Jul
B036 - Johann du Plessis	- 12-Jul
V034 - Hannes de Klerk	- 12-Jul
G007* - Dawie vd Heever	- 15-Jul
B016 - Jaide Nel	- 16-Jul
B075 - Peter Quin	- 20-Jul
B081 - Pieter Smit	- 20-Jul
W078 - Paulus Marais	- 21-Jul
k059 - Relton Arnolds	- 21-Jul
N044 - Cora Munnik	- 25-Jul
B051 - Daniel Beyleveldt	- 28-Jul
H059 - Graham Neethling	- 29-Jul

**American Giant Homer**



**Antwerp**



## New members

**Carel Laufs B037**

63 Du Toit Street, Randpoort, Randfontein  
1759

**Daniel Beyleveldt B050**

Ligtenstraat 7, Witpoortjie, Roodepoort  
1724

**Hans Besuidenhout C052**

PO Box 383, Kinross  
2270

**Vuyosile Mabaleka H086**

21 St Thomas Street, Malmsbury  
6850

**Brendon Hattingh K063**

49 Careelise Street, Rowallan Park  
Port Elizabeth  
6025

**Danie Strauss K064**

Kerk Straat 15, Cradock  
5880

**Barry-Lee Hattingh N052**

23 Mpushini Ave, Waterfall, Waterfalls  
3652



## **73'STE S.A.S.V. – KAMPIOENSKAP- SKOU**

**14 – 17 JULIE 2021:  
FERDIE MEYER –  
SAAL, WELKOM  
Stateway, Welkom (**  
*By Burgersentrum  
van Welkom )*

*Ingestuur deur Ds  
Hennie Hattingh*

Belangrike inligting vir vertoners aangaande die SA Kampioenskapskou te Welkom

**LET WEL : DIE SAAL WORD DIE 12'DE EN 13'DE VOORBEREID. DIE SKOUPROGRAM, SOOS HIERONDER AANGEDUI, WORD VANAF DIE 14'DE GEVOLG.**

### **Woensdag 14 Julie 2021:**

Inhok van duiwe vanaf 08.00

Beoordelaarsbeampte-vergadering : 12.00

1'ste U.K. vergadering : 14.00

Openingsbraai : 18.00

### **Donderdag 15 Julie 2021**

Beoordeling van duiwe vanaf 08:00

Aankondiging van Top-7: 17:00

Braai: 18:00

### **Vrydag 16 Julie 2021:**

08.00: Beoordeling van 2019 en 2020 Spes-Ring duiwe

08.30 – 09.30: Eerste toetsing van voornemende beoordelaars.

**(NB: SIEN NOTA OOR REGISTRASIE VAN VOORNEMENDE BEOORDELAARS AAN DIE EINDE VAN HIERDIE KENNISGEWING**

09.30 – 11.30: Algemene Jaarvergadering

11.30 – 16.00: Voortgesette toetsing van voornemende beoordelaars.

11.30 – 16.00: Spesklub-vergaderings

**(NB : SIEN NOTA OOR SPESKLUB-VERGADERINGS AAN DIE EINDE VAN HIERDIE KENNISGEWING)**

19.00: Prysuitdelingsfunksie

### **Saterdag 17 Julie:**

08.00: Senior-Beoordelaarsvergadering

09.30: Beoordelaarsforum – Vergadering

11.00: 2'de U.K. – Vergadering

12.00: Oppak van duiwe en, nadat almal tevrede is, "veilige reis."

**TOETSING VAN VOORNEMENDE BEOORDELAARS**

Enige lid wie hom/haar tydens die SA's wil laat toets as beoordelaar in 'n spesifieke ras, moet voor 30 Junie 2021 daarvan kennis gee in 'n skrywe aan die sekretaris van die Beoordelaarsforum, ds Hennie Hattingh, by henniehattingh703@gmail.com met vermelding van die naam en lidnommer van die voornemende beoordelaar asook die rasse waarin hy/sy getoets wil word. Die beoordelaarsforum sal dan reël vir 'n spesifieke tyd van die toetsing in samewerking met die spesklub en 'n senior beoordelaar. Toetsfooie kan tydens SA's betaal word, maar geen registrasie sal tydens SA's geneem word nie.

### **SPESKLUBVERGADERINGS**

Spesklubs wie tydens SA's in die tydgleuf Vrydag 16 Julie 2021 11.30 – 16.00 wil vergader moet voor 30 Junie 2021 daarvan kennis gee aan die skousekretaris, ds Hennie Hattingh by henniehattingh703@gmail.com sodat 'n tyndeling gedoen kan word.

**Inskrywingsgelde:** R 15.00 per duif

**Administrasiefooie:** R 30,00 per vertoner

Verkoopshokke @ R 15,00 per hok waarin een duif geplaas kan word sal beskikbaar wees.

Parkering ten alle tye beskikbaar.

Vertoners is verantwoordelikheid vir hul eie akkomodasieëlings. Weens Covid-regulasies is daar geen koshuisverblyf beskikbaar nie.

### **Sluitingsdatum vir inskrywings:**

Woensdag 18 Junie 2021 om 23.59.

**GEEN INSKRYWINGS NA HIERDIE DATUM EN TYD SAL AANVAAR WORD NIE.**

Alle inskrywings sal per **SMS** erken word en hoknommers sal betyds aan vertoners met 'n werkende epos-adres gestuur word. Inskrywingsvorme kan ook aangevra word by henniehattingh703@gmail.com en een sal met graagte aan u gestuur word.

Die nuwe 2018 – skouskedule met die foto van ds Hennie Hattingh op buiteblad word gebruik vir inskrywings.

Let wel: die volgorde is: JW – JM – OW – OM.

Die nuwe skouskedule is op die web beskikbaar. Indien u sukkel om een te bekom, vra een aan by Hennie Hattingh by epos-adres henniehattingh703@gmail.com wat dan met graagte een vir u per epos sal aanstuur.

Inskrywingsvorme is reeds op die web beskikbaar. Alle besprekings vir verkoopshokke, etes, ens sal op die inskrywingsvorm gedoen kan word. Bewys van betaling moet ook saam met die inskrywing gestuur word aan die epos-adres soos op die inskrywingsvorm verskyn. Sonder bewys van betaling sal die inskrywing nie aanvaar word nie.

**Kom ons "Brag bietjie met ons aanteel"**

**Silky Fantails van Frik Butler**



**Silky Fantail van Frik Butler**



**Indian Fantail van Tommie Laubscher**



**Mookee van Phillip Lee**



**TE KOOP**

**6 American Show Racers @ R1400.00.**


**Geen versendings.**

**NAK Smit,**

**Patrysstraat 36, Stellenbosch 0725850348**

**Brunner van Gerhard van Aswegen**





## My lewensverhaal

**Corrie Oosthuizen**

My lewensverhaal begin op 11 Julie 1966 toe ek gebore is in Krugersdorp.



Ek as baba

Ek was die oudste van vier kinders. My broer Kobus was twee jaar jonger as ek en dan was daar my Susie Bonita en my laatlam boetie, Eugene. My ouers Gert en Jakkie Oosthuizen het n huis besit in



Ek in Gr 1

Homelake in Randontein en in Parkstraat No. 151 begin my lewensverhaal met duiwe in 1973, toe ek in graad 1 is.

In daardie jare was duiwe gewild en baie mense het duiwe aangehou. My oupa Sakkie Hansen het "tumblers" in 'n hok in die naggang aangehou en ek kon my verkyk aan die kleure. Ek was veral lief vir die "tjoklit" en "buskit" duiwe. My oupa Oosthuizen het op Wheatlands plotte gewoon 'n paar kilometer uit die dorp en het hokke met voëls en duiwe gehad. Kon my altyd verkyk aan die kleurryke vinkies wat hulle iewers gevang het en my oë amper uitgeval toe ek die eerste keer 'n hok vol Gouldians sien. Vandaar my liefde tot vandag toe vir vinkies maar ook enige ander voëls asook hoenders. Enige iets met vere het ek van gehou.

In Parkstraat waar ons gewoon het het ons buurman se seun, Andre Kronk," tumblers" gehad wat hy gevlieg het en alle kleure gemerk het met koek kleursel. Ek en my pa het menigte naweke op die grasperk gelê en na die duiwe gekyk as hulle gevlieg en gerol het. Ons buurman wat agter ons gewoon het, het n hok vol fantails gehad en 'n ander buurman oorkant die pad ook hokke vol rollers wat ons maar geken het daardie jare as tumblers.

Ek wou so graag my eie duiwe hê maar my pa wou nie. Groot was my verbasing toe hy eendag met twee fantails by die huis aankom en ogiesdraad vaskap voor die kolekamer. A plank was ingesit waarop hulle kon sit en 'n oopgesnyde olie blik om in te broei. Ons fantails het nie soos die oom agter ons s'n gelyk nie en het so agteroor gesit met groot sterte, en hulle het ringetjies aangehad. "Hierdie is opregte fantails" was my pa se verduideliking vir die duiwe wat so anders gelyk het as die oom s'n agter ons. Die duiwe was vir my mooi maar te veel stil gesit. Ek het hulle probeer laat vlieg maar hulle wou nie. Die eind einde van die twee fantails kan ek nie onthou nie.

In 1974 in die middel van my graad 2 jaar verhuis ons na my oupa se plot op Wheatlands. My oupa was baie siek en my pa gevra om die plot oor te vat. Ek word toe in Laerskool Wheatlands ingeskryf waar ek my Gr2 jaar voortsit. Ek was natuurlik in my sewende hemel met al die hokke met duiwe. Party het sommer op die pompkamer se dak gebly en gebroei in blikke wat my oupa op die dak gesit het. Die duiwe het anders gelyk as die tumblers en fantails en altyd baie vining weggevlieg as mens naby hulle kom. "Dit is resies duiwe" verduidelik my pa weer. Ek word gou bevriend met ander seuns

en almal het duiwe. Daar was in ons gedagtes net drie soorte duiwe en dit was “tumblers”, fantails of resies duiwe. Groot was die gestryery oor wie van ons die meeste van duiwe weet. Ek was op laërskool alreeds baie lief vir lees en sou enige leestof oor duiwe verslind. Daardie jare was daar berigte in die Landbouweekblad oor resies duiwe en ek sou hulle altyd versigtig verwyder en in my plakboek plak. My oom wat op die plot oorkant ons gebly het, het mooi fantails aangehou en sommer gou het ek by hom gaan duiwe koop met geld wat my Ma my gegee het. Gou het ek 'n hele hok vol fantails gehad maar ek het nie daarvan gehou dat hulle so rustig was en nie veel rond gevlieg het nie.



Ek in Gr2

n Tydperk nadat ons op die plot ingetrek het woon ons n biduur by op 'n plot van mense wat in ons kerk was. Orals waar ons gaan praat ek net duiwe en die een seun vra my of ek nie wil tumblers hê nie. Hy verduidelik dat hulle al die hok begin afbreek het en 'n paar van die “tumblers” het teruggekom en bly in die half afgebreekte hok wat nie meer 'n dak op het nie. Daardie aand is ons daaruit met 'n flits en gaan vang die sewe duiwe en vandaar my eerste “tumblers”. Die volgende dag by die skool laat weet ek my maats dat hulle al die ander duiwe kan kom

### *The Fancy Pigeon*

haal want ek gaan nou met opregte ‘tumblers’ boer. Met tyd het ek die duiwe oopgemaak en hulle kon vlieg. Mettertyd het die duiwe meer geword an elke dan en wan het 'n vreemde duif sy opwagting maak. As seuns was ons natuurlik oorstelpd as 'n vreemde duif daar land met 'n ring aan. “Dit is 'n goeie duif”, het ons altyd gereken. Eendag het 'n duif met twee ringe by aangekom en gou het ek die beste duif gehad volgens al my maats.

In 1978 toe ek in standerd vier is vertel 'n meisie in my klas dat haar pa baie tumblers het. Ek vra haar om asseblief haar pa te vra of ek mag kom kyk. Die volgende dag se sy haar pa se dit is reg en ek slaan twee vliee met een klap want ek het haar baie “gelaak”. Die Vrydag middag is ek op die fiets na die oom se plot toe en daar ontmoet ek die eerste keer vir By Harmse. Sy hele plot was vol hokke en daar was net silver en buskit duiwe en 'n kombinasie van die kleure. Ek was uit die veld geslaan. Koop my eerste “buskit” vir 50 cent en bou 'n hok net vir my buskits. Ek kon al sweis en hokke bou in laerskool. My pa het ons vroeg laat werk en dinge geleer. As jong seun spandeer ons aande saam en bou “trapcages” om voëls te vang. My maatjie Danie de Klerk gee altyd bietjie van hulle voënt vir my waarmee ek ook vinkies vang. Hy het altyd vir my 'n “caller” gevang in hulle voëlhok as sy pa nie daar was nie want oom Danie was baie kwaai.



Ek in St 6

### *Die Sierduif*

Elke Vrydag gaan ek na oom By Harmse toe en elke keer kom ek met 'n duif voor in my T-hemp by die huis aan. Oom By gee eendag vir my twee swart witpunt tumblers wat nog daar was omdat hy net die geel en silvers wou aanhou. Beide duiwe het twee ringetjies aangehad en die klubringe was nog van die EDRS wat 'n groot organisasie was vir diep rollers. Al my maats kom kyk toe ek hulle vertel. "Heng, maar nou het jy goeie duiwe" se hulle maar ondermeke is daar nog steeds verskillende opinies oor wie die beste duiwe het.

Ek begin my Hoerskoolloopbaan by Riebeeck in 1980. Nouja, as jy opgelet het sal jy besef dat ek nog op dreuf is met my skoolloopbaan en darem nognie 'n jaar moes herhaal nie.



Berig uit die Landbouweekblad wat ek in my plakboek kon plak.

Op n dag kom 'n duif by my aan en hy het 'n klub ring en nog 'n ring met die woorde: IMP RANGE. My nefie in Krugersdorp was heelwat ouer as ek en het ook duiwe. Toe ek hom vertel van die duif se hy vir my dit is n "import". Vir die eerste keer hoor ek van "imports" wat glo van oorsee af kom. Hy vertel my dat baie duiweboere nou oorslaan na die "imports" en dat hy ook van hulle het. Nou kon ek nie wag dat ons daar moet gaan kuier nie want ek wil graag die duiwe sien. Dit moet baie grent duiwe wees as hulle ingevoer is. So gebeur dit dat ons een Sondag, kort daarna by my tannie hulle gaan

eet na kerk. Ek sien die eerste keer "Imports" en hulle is vir my mooi maar my nefie wil nie van hulle vir my gee nie. Nou het ek het my hart op imports. Moet van hulle kry.

1982 vertel my een maat, Tinus Brits my dat Danie de klerk hulle gaan trek en daar gaan 'n sierduifboer op hulle plot intrek. Met al my lees en boeke uitneem oor duiwe het ons darem noual geweet wat sierduiwe is. Die feit dat 'n sierduifboer daar gaan intrek maak my natuurlik nie opgewonde nie want ek hou van tumblers. Nietemin toe die sierduifboer nog besig is om in te trek is ek in die pad af want die plot was so vier plotte van ons s'n af. Daar sien ek klein hokkies op bene in die erf met iets wat lyk so tumblers en nou met ek gaan hoor. Ek dink by myself hoe kan enige iemand so baie duiwe in so 'n klein hokkie aanhou. Bang gaan ek in want ek weet nie of dit 'n kwaai oom is nie maar watwou, daar ontmoet ek die vriendlikste oom met die naam Christo Munnik en sy ewe vrrriendelike vrou; Cora. Min het ek geweet dat daardie dag was eintlik die eerste dag van wat sou volg in my verhaal met duiwe.

My eerste vraag natuurlik is of die oom tumblers het en hy sê ja maar help my reg en sê hulle word rollers genoem. Groot was my vreugde toe ek hoor dit is "imports" en word Birmingham Rollers genoem. Ek vra oor die klein hokkies want ek kan nognie lekker vat aan hulle kry nie, en oom Christo verduidelik dit is hoe hulle rollers vlieg uit so 'n hokkie en 'n span van twaalf. My volgende vraag natuurlik is of al die oom se duiwe gering is en hy sê ja, hy trek sy nek af as hy nie 'n ring aan het nie. "Hell" dink ek by myself, dan moet die oom goeie duiwe hê. Nou is my kans om "imports" te kry en ek vra die oom of hy my sal help met rollers. Nee sê hy, hy wil eers my duiwe en hokke sien. Ons is toe in sy kar en hy kom kyk my duiwe waarop ek natuurlik baie trots is. Groot is my teleurstelling toe hy vir my se dat my duiwe niks werd is nie en as ek wil van sy duiwe hê moet ek eers van al die gemors ontslae raak. Daarna is hy huistoe en ek bel al my maats om van my "goeie" tumblers te kom haal.

Volgende oggend is ek terug en deel oom Christo mee dat al die duiwe weg is en hy my nou maar kan help. Hy kan dit nie glo nie en dring aan dat ek hom moet gaan wys. In die kar weer en op na ons plot toe waar hy nie sy oë kan glo dat ek oornag van al die duiwe kan onslae raak nie. "Nouja" se hy, "kom ons gaan haal vir jou duiwe". "Hoeveel kos dit oom?" "Een Rand 'n duif".

Ek gaan haal geld in die huis en daardie aand het ek my eerste vier pare Birmingham Rollers. Sit daardie aand voor die hokke tot ek die duiwe nie meer kan sien nie. Kan omtrent nie slaap nie en vroeg die oggend is ek op om na my duiwe te gaan kyk wat almal ringetjies aan het. Van daardie dag af is ek so te sê elke dag by oom Christo. Ek leer elke dag van skoue en rollers. Oom Christo betaal my ledegeld by die SASV en kort daarna ontvang ek my eerste Sierduif Tydskrif en ringetjies in die pos.


Oom Christo het ook 'n hok vol krulvere en hulle is vir my baie mooi. Kort daarna het ek 'n hok vol krulvere en gaan ek saam met die Munnik gesin skoue toe. My eerste SA Kampioenskapskou is in 1983 in Heilbron en ek skou rollers en krulvere. Doen nie te sleg met die krulvere nie en kry darem 'n paar plekke met die rollers. Met die krulvere is dit moeilik om 'n beste duif te skou want in daardie jare was tannie Cecille Pretorius bobaas en dit was moeilik om haar krulvere te wen. Intussen het ek groot name in die rollersport ontmoet. Groot geeste soos John Conradie, Hennie Cloete, Oom John Dicks, Kon van der Westhuizen, Johan Strauss en nog vele meer. Saam met oom Christo spandeer ek baie tyd in die grotes se geselskap en leer daagliks meer oor die Birmingham Roller. Intussen het my duiwe gebroei en ek en oom Christo en tannie Cora vlieg Saterdag kompetisie teen mekaar. Ek maak vir ons klein trofeëttjies wat ons na elke kompetisie vir die wenner gee.

In 1984 is ek in matriek en woon my laaste SA Kampioenskapskou by in Welkom weereens in geselskap van al die groot duiweboere. Interessant om te noem is dat Harry Munnik op hierdie stadium 'n baba is wat ek in my broer in ons windjakkers rond dra. My broer Kobus het intussentyd ook rollers gekry en ons boer beide duiwe. Ek kry weer 'n plek of twee maar beste Roller is my nog nie beskore nie, Dit sou eers paar jaar daarna gebeur maar op 'n groot gebeurtenis.

In 1985 is ek weermag toe en gaan na Oudshoorn waar ek luitenant word en die res van my diensplig tot met die einde van 1986 spandeer ek in 7SAI in Palaborwa. Gedurende my diensplig boer Kobus, my broer die duiwe en kyk agter myne. Tydens my diensplig stig oom Christo saam met my broer en n paar ander jong lede die klub op Randfontein genaamd: Randfontein Distrikte Birmingham Rollers, of verkort RDBR.

In 1987 is ek terug by die huis en hervat my duiwe-

boerdery. RDBR laat druk vir die eerste keer hul eie klubringe en ek teel al vroeg kleintjies. Later sou ons hoor dat Ken White Suid Afrika toe kom waaroor ons natuurlik baie opgewonde is en daar word n skou gereel deur Johnnie Conradie genaamd die Ken White Show. Die skou trek 'n rekord getal duiwe vir 'n rollerskou met 608 duiwe. Die aand voor die skou besoek Ken White oom Christo se hokke. Ek is ook daar en natuurlik al die groot name in die sport.



“Hoeveel duiwe het jy ingeskryf vir môre se skou?” vra John Conradie my.

“Vier oom Johnny” antwoord ek.

“Net vier! Maar dan mors jy mos jou tyd” se Johnny “Hoeveel duiwe kan die skou wen?” vra ek

“Net een,” antwoord Johnny

“Maar dan het ek mos nog drie reserwes” antwoord ek.

Daar bars 'n gelag los van die ou manne daar. Party sê ek is windgat.

Die volgende dag met die skou was net een van my duiwe nie in die top toekennings nie. My tortoishell wyfie RDBR 202/87 wen die skou algeheel onder Ken White se beoordeling. Beste uit 608 duiwe en wen 'n vakansie vir my in Amamzintoti. Baie telers die dag meen dat sy gewen het omdat sy jonk was en onlangs verveer het. Net daar belowe ek almal dat sy 'n skou weer sal wen as sy tien jaar oud is, natuurlik tot groot vermaak van persone daar. In 1997 tydens Noord Vrystaat Streekskou te Wel-



**Ken White van Engeland tydens sy besoek aan Christo Munnik se hokke vlnr staan Christo, Johnny Conradie, Johan Strauss, Ken White en John Dicks**



**Die Vakansie Wenner links onder met haar hele familie. Ouers bo haar en oupa en ouma heel bo.**

kom, skou ek die "Vakansie Wenner", soos sy toe bekend staan weer. Sy wen die Rollerklas algeheel as 'n tien jaar oue duif. Chris van den Berg reël dat onder op haar sertifikaat aangebring word in sierletters. "A legend in her Time"

Die "Vakansie Wenner" het die fondasie van my familie geword en die familie het goed presteer

in kompetisies in RDBR asook baie skoue gewen landswyd, nie net vir my nie maar ander telers ook.

In 1988 trou ek met Willemien Vermaak en uit ons huwelik is drie kinders gebore, Jeanne in 1989, Jesse in 1991 en Nando in 1993.



**Ek op my troudag saam my ma**

In 1989 tydens 'n klubskou op Christo Munnik se plot skakel 'n persoon wat wil kennis maak met roller telers in Randfontein aangesien hy onlangs Randfontein toe getrek het. Christo nooi hom om te kom kuier op die plot aangesien ons besig is met 'n skou en al die lede bymekaar is. Sowat 'n uur later trek n wit VW Golf in die erf in en ek ontmoet die een persoon wat een van my grootste vriende sou word naamlik Tommy Laubscher. Vir die res van die tagtigs en tot middel negentigs vlieg ek kompetisie in RDBR en neem gereeld aan skoue deel saam met Tommy. Daar is nie genoeg plek en tyd om van ons wedervarings in die artikel te vertel nie. Tommy was van die begin af 'n vors in kompetisies en iemand om mee rekening te hou, Sy duiwe het hy verkry van Kon vd Westhuzen en die duiwe het uit die staanspoor goed presteer in RDBR.

In 1991 wen ek die special ring kompetisie vir die vierde opeenvolgende jaar. Ek gee die een duif wat ek genoem het die "Vlinder" vir Charles Botts en die duif het 'n groot rol gespeel in sy duiwe. Daar was soveel duiwe wat vir baie telers gesorg het vir

Ek in 1989 op n duiwe funksie. Een van min kere sonder 'n snor



Christo en Cora met trofees wat hulle in RDBR gewen het



Ek saam met RDBR lede en gaste

sukses maar te veel om almal hier te noem. Ek dink ook onder andere aan die "Lizzard Cock" wat na

Gedurende die jare van 1992 en 1993 vlieg en skou ons rollers en RDBR groei van krag tot krag.

Ek in ontvang 'n prys van Johan Munnik



Chris van den Berg toe is. Ek het nie maklik duiwe verkoop nie maar het elke jaar met groot skoue en onder andere die SA's 'n paar duiwe saam geneem en te koop aangebied wat vele telers gehelp het om hulle stoet uit te bou. In die jaar kondig Christo aan dat hy en familie na Kittie in die Vrystaat verhuis en in Desember 1991 groet die Munniks ons en vertrek na die Vrystaat as onoorwonne Klubkampioene van RDBR sedert 1996. In die ses jaar as klubkampioene het Cora dit gewen in 1986, 1987 en 1988 en Christo in 1989, 1990 en 1991

My groot vriend Tommy met trofees in 1992



Ek wen beide jare die puntebeker in die klub en Tommy is klubkampioen. Ek en my gesin besoek die Munniks gereeld in daaropvolgende jare in die Vrystaat en spandeer omtrent elke Kersfees daar.

Ek en Tommy, wat beide Noord Vrystaat lede op daardie stadium was, (dit is 'n ander storie) slaap gereeld oor by die Munniks as ons aan Noord Vrystaat skoue kom deelneem.

In 1994 wen ek weer die puntebeker en is ek klubkampioen van RDBR. Een aand in 1994 skakel Tommy my en tot my groote verbasing vra hy of ek vir hom van my duiwe sal gee as hy al syne wegmaak. Geskok antwoord ek dit is reg, dieselfde aand is al sy duiwe weg en die volgende dag sit hy met 'n hok vol "Vakansie Wenner" pare. Ander telers het ook die familie begin aanhou by name van Charles Botts, Kobus, my broer, my leermeester, Christo Munnik, Christo van den Berg, Cornel van Heerden en die familie het goed presteer vir meeste in kompetisie en skoue. In die vroeë negentigs koop ek 'n paar ingevoerde Ken Whites vanaf Ervin Kay wat ek by my familie inwerk en later 'n ingevoerde Bob Brown mannetjie op 'n WBR klub veiling. Die duif het ek geteel met die "Vakansie Wenner" en kinders van die paar het die skakel geword van Tommy se duiwe veral een mannetjie wat ek Tommy gegee het uit die paring met die naam: Die "Malcock"

#### Beriggie in ons plaaslike koerant

## Corrie se duiwe is die beste

ONDANKS 'n ontstommende wind, het Corrie Oosthuizen daarin geslaag om die vierde kompetisie van Randfontein Distrikte se Birmingham Rollerklub, te wen.

Die tweede plek is ingeneem deur Anton Oosthuizen en Gerhard van Tonder, derde.

Ander plekke is inge-

neem deur Tommy Laubscher, Wimpie Janse van Vuuren, Hendrik Bronkhorst, Charles Botts, Manna Steenkampen Deon Steenkamp.

Johan Boshoff, Bonita Bezuidenhout en Louw Hess is gediskwalifiseer omdat hul duiwe nie die volle tyd gevlieg het nie.

Charles Botts se duiwe is

aangewys as die beste vir die dag.

Tommy het tydens die finale been van die uitlopkompetisie daarin geslaag om met Wimpie (verlede jaar se uitlopkampioen) naelskraap te wen.


Alle navrae oor die klub kan gerig word aan Tommy 412-2485 (n/u).

In 1995 wen ek weer die puntebeker en is ek weer klubkampioen van RDBR. Op n dagkeer ek terug van die hondeskool af met my hond Jerry. Met die inry by die huis sien ek iets is verkeerd want die syhek staan oop. Toe ek by die hek kom sien ek dat al my duiwe hokke se hekke oopstaan. Ek hardloop na die hokke om hulle leeg en in doodse stilte aan te tref, behalwe vir die geluid van n paar babas wat die diewe nie gevat het nie. Al my duiwe gesteel. My jare se werk weg. Ek kan nie die gevoel beskryf nie. Gelukkig was die "Vakansie Wenner" by Tommy op leen. Die babas het ons gevat en by n vriend, wyle Wimpie van Vuuren gaan plaas. Gelukkig het Tomm baie vakansie wenners en ek kan twaalf pare van hom af kry. Kort hirna verhuis ek na my huidige address in Helikonpark, Randfontein

Nadat my duiwe gesteel is in die vorige jaar sukkel ek weer om op dreef te kom met kompetisies in 1996. 'n Jong nuweling in die klub genaamd Cornel van Heerden kom skud die klub uit sy fundamente en is klubkampioen vir die volgende drie jaar. In 1996 vra my buurman Stefan Herbst of ek sy duiwe vir hom sal klok op die naweek van die Comrades aangesien hy weer deelneem. Ek stem in en vertel Tommy, op die spesifieke dag vlieg ons roller kompetisie en na die kompetisie haas ek en Tommy ons na my buurman se huis om duiwe te klok. Ons klok duiwe en die aand by die klub kondig hulle aan dat Stef eerste en tweede is, en net daar byt die gogga vir my en Tommy. Kort daarna maak Tommy sy rollers weg maar ek hou myne. Ek verander my hokke vir resies duiwe en bou 'n nuwe kleiner hok vir die rollers.

Ek en Tommy teel resiesie duiwe in 1997 en na 'n paar maande besef ek dat die rollers afgeskeep word en Chris van den Berg kom deur van Bloemfontein af en koop al my rollers met die "Vakansie Wenner" ingesluit.

#### In my resies duif dae



In 1998 begin ek en Tommy duiwe vlieg en my resies duif jare kom in 2006 tot einde en nou allergies vir duiwe besluit ek dit is nou klaar. Ek verkoop alles. Duiwe, hokke alles. In die proses van telers wat duiwe en hokke kom koop vra my seun, Nando, of ons nie een hok kan hou en 'n paar Rollers kan kry vir ons eie plesier nie. Ek willig in en sê vir hom hy moet net onthou dit is sy duiwe en ek wil niks daarmee uit te waai hê nie, maar ek sal hom help.

In 2007 teel ons n klomp rollers uit pare van Tommy af aangesien hy vroeër opgehou het met die resies duiwe en weer 'n paar rollers aangeskaf het. Nodeloos om te se teel ek weer voluit en ons bou nuwe vlieglokke. Die aanteel van 2007 was net nie wat ek gehoop het nie. Ek sorteer 'n paar pare op die hand en maak die res tot niet. Intussen is daar 'n duiwe dag aan huis van Chris van den Berg en

ek besef ons duiwe is v&euml;r van die merk af. Terug by die huis gaan klop ek aan by Cornel van Heerden wat ons families behou het, en koop duiwe uit my ou familie terug. Jammerlik skei my en Willemien se paaie aan die einde van 2007 na byna 20 jaar se getroude lewe. Dit het my lewe onheroeplik verander.

weer kompetender kan wees en verder hoop ek om RDBR weer op die been te bring en hopenlik binnekort aan die wereld beker te kan deelneem.

En dit is my lewensverhaal met duiwe.



**Ons hokke tans**

In 2008 paar ons die pare wat ek geselekteer het en duiwe van Cornel. Ons teel van die beste duiwe wat ek nog geteel het. 2009 en 2010 se aanteel was ook goed en ek begin, aan en af weer te kompeteer en skou. As gevolg van omstandighede teel ek nie elke jaar nie maar het twee suksesvolle jare in 2013 en 2016. In 2018 begin ons voluit teel met die oog op die 2020 wereld beker maar as gevolg van "Covid 19" word die w&euml;reld beker afgestel. Tans sit ons, ek en Nando met van die beste duiwe wat ek ooit besit het en hoop dat ons binnekort

**Van ons huidige duiwe**



Webpage - [www.sasv-safpa.co.za/Publicasies/-/Publications/](http://www.sasv-safpa.co.za/Publicasies/-/Publications/) Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: [cora.christo@gmail.com](mailto:cora.christo@gmail.com) - Cell: 076 313 2873

**Corrie Oosthuizen**  
**Breeder of True Performing**  
**Birmingham Rollers**

Contact Details:  
**9 Moorhen road, Herlikonpark Randfontein**  
**Cell: 076 889 4199**  
**e-mail: [corrie.g2018@gmail.com](mailto:corrie.g2018@gmail.com)**

Januarie 2021



## Reviewing Youngsters

By Brian Pogue

Submitted by CD Cillie

At the first of the year, we are all very optimistic about what will come with the breeding season; similar to sports teams in spring training who are all confident that they will win the championship at the end of the season. We get excited with our first fertile eggs and then more excited on the day the squabs hatch and the excitement rises when we band the babies and can figure out what color they will be. Then we continue to watch them develop as their tail comes in. I find I am always very patient with the first round because they are the first round and there is lots of room for youngsters.

At about 8 weeks of age, I will take a critical look at every bird to see what I can do to help its development – maybe some tape to stop the head from going through the tail, or a slight weight to straighten the cushion or cut some of the tail until the legs and body are strong enough to properly support the tail or determine that the bird does not have a future in my loft. I generally do not like birds which are showing hard when at a young age – typically these are birds with a low set tail and lacking body as they are going back to find a place to rest their heads.

I prefer birds that take a while to develop which I find are generally birds with meat on their keel bone and the legs need to get strong enough to support the body. With my birds they get to a point where they realize they are a fantail and that they

have the necessary pieces to perform like a fantail and that is what they will do around 4 to 6 months of age. Typically, they will give glimpses of what they may mature into but only perform for a few seconds. Consequently, I love to sit outside my young bird pen and just watch, occasionally picking one up to lace its tail before setting it back down on the floor. Actually that is most of my “pen training”, as the birds strut across the floor.



The photo above is a bird at an early age that I was confident would be nice. I placed some tape on the back of the centre of her tail to stop the head from going through. I can see a nice sized tail, I can see some refinement, body in front of the wing and legs that are forward set. Unfortunately, I find that many people want to cull these “pot lidders” or “umbrella tails” because the birds are not showing at least not consistently. I find that birds left with flying foster parents for a long time have more of a tendency to “umbrella” than those weaned at a young age.

The next photo is what she looked like at about 5 months of age. She was a late hatch so never went through a moult. I look forward to seeing her after a complete moult

So be patient and help your birds develop. I am always amazed to see how much they change as they go through a body moult. During the moult, some birds can go through some ugly stages. So if

### Gerhard van Aswegen

Teel met Norwich Cropper, Brunner, Working Homer, Oriental Roller, Holle Cropper, American Showracer, Chinese Owl, en Stargard Shaker,  
Kontak besonderhede:  
Sel: 082 921 1747  
E-mail: gjtlofts7@gmail.com

Januarie 2021



The Fancy Pigeon



Die Sierduif



I thought they were good enough to pull their tail then I just leave them until they have completed the moult. Once birds have gone through a moult I will do my final assessment.

I'm not as tough on the first round as the later rounds, but then I go back and look at that first round with a more critical view

Watch some always, handle frequently. If not something that I will consider keeping as a breeder then why have it – leave it.



### **Strain? What's that? Do you have one?**

**By Corrie Oosthuizen**

It always amazes me when fanciers see Birmingham Rollers of mine for the first time, the first question they ask is: What strain is this? If not that, they will ask: How deep is it? Especially the American fanciers on Facebook. It would rather expect a question about the quality of roll insofar; speed, style and frequency of the roll goes, as these are far more important traits of the true Birmingham Roller's performance, but this a topic for another day. Back to the topic.

Below is a Facebook conversation in one of the Roller Groups and I guess this says everything about the strain issue there is to say.

**Phillip Coy 16 Apr 21**  
Who has true Mason birds?

**Brian Krog**

Only George Mason has them!  
Once others select and decide who to mate with who, train the young, observe what they see, and choose which birds to continue with - they are no longer "Masons". After one generation without being George's birds - they deserve to be called - by the name of whoever owns them. Same with every other line of birds. It not about the generations past - it's all about - what the present owner can accomplish with them!

**Shermann Lofts**  
What do you call your birds?

**Brian Krog**  
Mine!

**Shermann Lofts**  
Lol?

**Shermann Lofts**  
